138/84

Saak nr. 350/83

E du P

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

STEPHANUS PETRUS SWANEPOEL ..... Appellant

en

DIE STAAT...................... Respondent

Coram: RABIE, HR, JOUBERT, CILLIé, VILJOEN et HEFER, ARR.

Verhoordatum: Leweringsdatum:

12 November 1984. 29 November 1984.

---

UITSPRAAK

RABIE, HR:

Die/........

Die appellant het in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling op 'n aanklag van moord tereggestaan. Die Staat het beweer dat hy op 4 Maart 1983 in die distrik Johannesburg ene Jacobus Nicholaas Duvenhage wederregtelik en opsetlik doodgeskiet het. Die appellant is aan strafbare manslag skuldig bevind en tot 3 jaar gevangenisstraf, wat op sekere voorwaardes vir 5 jaar opgeskort is, veroordeel. Hy appelleer nou, met die toestemming van die verhoorregter (Le Roux, R), teen sy skuldigbevinding.

Die appellant is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie. Ten tyde van die gebeure wat tot die aanklag teen hom aanleiding gegee het, was hy 'n speurder-adjudant-offisier en lid van die

Afdeling/........

Afdeling Voertuigdiefstal. Teen die einde van Februarie 1983 is daar 'n aantal motordiefstalle in Johannesburg gepleeg en die polisie het vermoed dat ene Hermanus Nieuwoudt daarby betrokke was. Daar is 'n lasbrief vir sy arrestasie uitgereik. Die polisie het hom as 'n gevaarlike misdadiger beskou wat nie sou aarsel om te skiet as hy vasgekeer word nie. Die appellant het hom 'n klompie jare tevore ook persoonlik geken toe Nieuwoudt by die Johannesburgse Verkeersafdeling gewerk het. Hy het hom daarna weer af en toe gesien. Op 28 Februarie 1983 is in 'n radio-nuusuitsending gesê dat die polisie op soek was na Nieuwoudt, en op dieselfde dag het daar ook 'n foto van hom op die televisieskerm

verskyn. Op 3 Maart 1983 is aan die polisie berig dat iemand gesien het dat Nieuwoudt 'n Cortina-motorkar, met registrasienommer FHZ 911 T, bestuur. Daar is dadelik besluit om die voertuig te probeer opspoor en die polisiemanne wat aan die soektog sou deelneem, is gewaarsku om versigtig te wees daar Nieuwoudt nie sou huiwer om geweld te gebruik nie. 'n Soektog na die Cortina is dieselfde dag op tou gesit. Dit het niks opgelewer nie, maar dit is die volgende dag om ongeveer 3 nm. hervat toe daar 'n berig ontvang is dat die Cortina in die omgewing van D.F. Malanrylaan opgemerk is. Verskeie polisievoertuie, een waarvan deur die appellant bestuur is, het aan die soektog deel-

geneem/.......

geneem. Daar was twee ander polisiemanne saam met die appellant in die voertuig. Die een was speurder-adjudant-offisier M. Appelgryn, en die ander een was 'n konstabel De Waal. Al drie van hulle was in burgerdrag en daar was niks aan hulle voertuig wat getoon het dat dit 'n polisievoertuig was nie.

Die appellant het op D.F. Malanrylaan suidwaarts in die rigting van die middestad gery. Hierdie rylaan is 'n breë dubbelweg met 'n eiland in die middel en drie verkeersbane aan elke kant daarvan. Terwyl hy so voortry, het die appellant 'n wit Cortina, met registrasienommer FHZ 911 T, voor hom sien ry - ook in die rigting van Johannesburg. Hy het dadelik

per radio aan luitenant Vollgraaf, wat in beheer van die soektog was maar wat in 'n ander rigting aan die soek was, gerapporteer dat hy die Cortina gevind het. Hy het Vollgraaf ook meegedeel waar hy (die appellant) hom op daardie tydstip bevind het. Vollgraaf se antwoord was dat die appellant die Cortina moet volg en "die man" moet arresteer.

Op hierdie punt, voordat op die verloop van die agtervolging van die Cortina gelet word, moet eers gesê word dat die bestuurder van die voertuig 'n mnr Duvenage (die oorledene) was, en nie Nieuwoudt, soos die appellant gedink het nie. Die nommer op die nommerplate van die Cortina was 'n egte registrasienommer, terwyl die nommer op die nommerplate van die

Cortina waarmee Nieuwoudt rondgery het, vals was. Die twee Cortina's het eners gelyk, en dit blyk dat die oorledene en Nieuwoudt ook heelwat op mekaar gelyk het. Albei het 'n snor en swart krulhare gehad.

Ek keer nou terug na appellant se getuienis oor die agtervolging van die Cortina. Die Cortina het op die hoek van D.F. Malanrylaan en Milnerstraat stilgehou omdat die robotlig rooi was. Die appellant het sowat 10 treë agter die Cortina stilgehou. Daar was geen voertuig tussen hom en die Cortina nie, en albei voertuie was in die regterkantse baan, d.w.s. langs die eiland. Appelgryn en De Waal, elk met 'n pistool in die hand, het uit hulle voertuig uitgespring en na die Cortina toe gehardloop,

maar/.......

maar voordat hulle dit kon bereik, het die robotlig na groen oorgeslaan en die Cortina weggetrek. Hulle het toe weer na hulle voertuig toe gehardloop en die appellant het die Cortina gevolg. Voordat hulle die volgende dwarsstraat - Mendelsohnstraat - bereik het, het die appellant effens vinniger gery en na links beweeg totdat hy langs die Cortina, wat toe regs van hom was, gery het. Sy doel was, het hy getuig, om te "sien wie bestuur daardie voertuig". Hy het na die bestuurder, wat die enigste persoon in die voertuig was, gekyk, en hy het geglo dat dit Nieuwoudt was. Hy het getuig dat hy sy regterhand by die ruit regs van die stuurwiel uitgesteek het en dit op en af beweeg het om aan die bestuurder te toon dat hy moet stilhou.

Hy/..........

Hy het ook, het hy gesê, "stop!" en "polisie!" geskreeu. (Twee persone wat agter die polisievoertuig gery het, het getuig dat hulle geen handgebare gesien het nie en ook geen geskreeu gehoor het nie. Appelgryn het getuig dat die appellant handgebare gemaak het, maar in kruisondervraging het dit geblyk dat hy geen sodanige gebare gesien het nie.) Die appellant het nie sy toeter gedruk nie. Die bestuurder van die Cortina, het hy gesê, het oor sy linkerskouer gekyk en hulle het toe na mekaar gekyk. Hy het vas geglo dit is Nieuwoudt. Die bestuurder het egter geen teken getoon dat hy hom herken nie en het ook nie op sy handbewegings en geskreeu gereageer nie: Hy het maar net aangehou ry soos hy gery het, nie stadiger nie en ook nie